## DISKUSSIE

*Teologiese student Flip Buys skryf:*

Ek is besonder bly dat u in 'n vorige uitgawe weer die aandag by die prediking bepaal en daaroor besinning gevra het. Aangesien ek nog maar 'n groentjie is wat die prediking betref, sal ek my nie die verwaandheid aanmatig om hier 'n verhelderende woord te wil spreek nie.

In die lig daarvan wil ek 'n versoek rig: Kan daar nie i.v.m. die prediking ook weer 'n keertjie besin word oor die kontrovers: Eksemplariese teenoor Openbaringshistoriese prediking nie? (Lg. word in sommige kringe ook „Heilshistoriese prediking" genoem.)

Ek het tog gewonder of die gevaar van eksemplariese prediking altyd genoegsaam raakgesien word. Die afgelope paar jaar het ek vir myself 'n opname gemaak van al die eksemplariese preke wat in kerke oor die radio en veral by volksfeeste gelewer word. Dit is werklik frappant om te sien hoeveel preke bloot daaruit bestaan om regstreeks is-gelyk-aan-tekens te plaas tussen die teks aan die een kant en die hoorder-en-sy-situasie aan die ander kant!

So het ek op een dag twee preke gehoor waarvan die toepassings radikaal, diametraal, teenoor mekaar te staan gekom het.

Die eerste preek wat uit Luk. 7 : 40 e.v. In die preek het die klem daarop geval dat Jesus op 'n liefdevolle wyse Simon vermaan het. Omdat Jesus nie op 'n krasse wyse teen Judas se verkeerde idees uitgevaar het nie, maar hom sagkens dog ferm met oorreding en oortuiging vermaan het, is uit God se Woord aan ons verkondig dat ons ook wanneer ons met iemand verskil op so 'n liefdevolle wyse moet optree en nie brutaal geestelike klappe moet uitdeel nie.

Die tweede preek van 'n ander dominee was weer uit Matt. 23 : 27 e.v., waar Jesus met geestelike geweld teen die verfoeilike dwaling van die Fariseërs opgetree het". Toe is weer aan ons as lidmate uit God se Woord verkondig dat ons ook soos Jesus nie „die adders in ons boesems moet vertroetel" nie, maar dat ons radikaal die antitese moet stel! Ons moet ook soos Jesus met krag optree en die oordeel vel oor wie dit toekom om so die sonde uit ons midde te weer!

Ek het gewonder of die fout van albei hierdie preke nie was dat die Skrif te veel benader word as 'n Boek wat vol *voorbeelde* is nie. Dit lyk my tog of die appellerende karakter van God se Woord nie in die eerste plek rus op die voorbeelde wat van bepaalde Bybelfigure uitgegaan het nie, maar gefundeer is in die verlossingswerk van onse Here Jesus Christus. Hy was nie net navolgings*waardig* nie maar Hy *eis* van ons. Miskien moet die lyn in 'n preek eers getrek word vanaf die teks na Christus toe en dan weer na die hoorder, veral m.b.t. die historiese gedeeltes in die Bybel.

Iemand het êrens gesê dat ware aktuele prediking nie meer net moet opereer met die skema „eksplikasie en aplikasie" nie, maar veral ook met „eksplikasie en implikasie".

'n Ander vraag is of die eksemplariese prediking nie die klimaat

geskep het vir en self ook tereg kom by die dwaling dat Adam nie 'n historiese persoon nie maar bloot 'n model was, soos wat dit bv. deur Kuyter geleer word?

Ek sal dit hoog op prys stel as iemand vir ons 'n resensie wil skryf oor die proefskrif van S. Greijdanus, Sola Scriptura; problems and principles in preaching historical texts, Kampen, Kok. 1970.